Laurika Rauch

Laurika Rauch van internasionale gehalte

Laurika Rauch
After Dark, Pretoria
George Claassen

WANNEER kan 'n mens sê 'n kunstenaar is werklik groot, dat die Styx wat gemiddeldheid (vir soveel kunstenaars gelyk aan die dood) en grootsheid skei, oorgesteek is?

Het ons in Afrikaans met sy beheptheid met vertaalde rymdwang en soetsappige rosebesaaiers enige sangers wat hoegenaamd vergelykbaar is met die Lotte Lenyas, Liza Minnelli's en Edith Piafs?

As Laurika Rauch nie nou daardie magiese, maar verdoemende rivier deurgestap het met haar optrede by After Dark en erkenning daarvoor kry nie, moet ons Suid-Afrikaners ernstig hand in eie boesem steek oor ons gevoel van minderwaardigheid.

Want Rauch betree met hierdie optrede 'n nuwe fase van haar veertien jaar lange loopbaan as een van Suid-Afrika se uitmuntendste sangeresse, wat haar nie 'n halwe tree meer laat terugstaan by 'n legende soos Lenya in die Dietse musiekwéreld nie.

Maar dan moet 'n mens ook alle eer gee aan die twee groot stutte wat haar arms die laaste paar jaar help omhoog hou het: Wessel van Wyk met sy meesterlike begeleiding op die klavier, en Christopher Torr, skepper van liedere wat besig is om die Afrikaanse musiekskat oneindig te verryk.

Rauch se optrede is 'n breë oorbrugging wat strek van haar suksesse van die verlede tot by vars liedjies wat voorkom op haar nuwe plaat wat later vandeesmaand uitgereik word.

Sy sing 'n groot verskeidenheid van haar ou treffers (*Blouberg se strand, Stuur groete aan Mannetjies Roux, Kinders van die wind, Katrina van die Bo-Kaap*), maar dit is die vernuwende klanke wat die grootste indruk maak.

Sommige is nie so nuut nie. *Liza se klavier* is byvoorbeeld deur Koos Kombuis bekend gemaak, maar dit is Rauch se ryk stem en Van Wyk se klavier wat Liza tasbaar tussen die tafels van die gehoor indra.

Die opvolg - gedeeltelik tematies, half musikaal - van *Mannetjies Roux* is ook daar, en 'n mens kan jou indink hoe moeilik *Die gang* die ongekende sukses van *Mannetjies Roux* sal kan ewenaar.

Maar dit is 'n lied wat op sy eie note staan, 'n pragtige skepping van Torr waarvan die melodie en lirieke weer wys wat met 'n bietjie verbeelding - en erdevol talent - reggekry kan word.

Tematies sluit dit sinryk aan by Rauch se interpretasie van Ingrid Jonker se *Toemaar, die donker man*, want ook hier is die vrees vir die donker, die onbekende ter sake.

Ook *Gooi vir my 'n klippie*, nog 'n skepping van Torr, en Freek Robinson se *Kon jy raai toe ons kinders was*, verryk en vernuwe Rauch se repertorium.

Die ironie is ook sterk waarneembaar in *Nuwe aarde*, nie die gebruiklike groen liedjie wat in mense se kele afgepreek word nie, maar 'n sterk selfkastydende lied wat ironies die mens se stommiteite aanspreek.

Rauch het ver gevorder van die luisterliedjiedae. *Daar is nog lewe in dié ou kat* beklemtoon haar ongelooflike talent as kabaretkunstenares.

Terwyl ons nou so 'n verloormentaliteit op die sportveld begin vertoon het, kan Suid-Afrikaners gerus gaan beleef hoe internasionale gehalte op ons eie verhoog klink.